INSTITUUT VIR EIETYDSE GESKIEDENIS
Die Universiteit van die Oranje-Vrystaat

Bron nr. 0 0 4 3 | Datum 9 8 1 1 0 9 3 1 3 | Onderwerp nr. 8 | Knipsel nr. 1 1 3 1 5

-9 NOV 1998

DIE BURGER Jg. 84 Nr. P. 1 Dat.

# Regering erken sy ingryping by Sasria

Hein Swart

**KAAPSTAD. – Die Departement van Finansies het erken dat hy sy vorige twee verteenwoordigers in die direksie in die pad gesteek het omdat hulle in die pad gestaan het van die Regering se planne om op Sasria se reserwes beslag te lê.**

Die wet om Sasria van 'n maatskappy sonder winsbejag om te skep in 'n openbare maatskappy is finaal deur die Nasionale Vergadering goedgekeur. Net die Vryheidsfront het teen die wet gestem.

Ingevolge die wet word die Regering die enigste aandeelhouer van Sasria. Dit gee hom die reg om die grootste deel van Sasria se reserwes van sowat R10 miljard as 'n dividend aan homself uit te keer. Die geld sal gebruik word om 'n deel van die staat se skuldlas van R340 miljard af te los. Die Regering het onderneem om Sasria later – minus die grootste deel van sy reserwes – te privatiseer.

Sasria se direksie, onder wie mnre. Dawid Malan en Cornelius Oosthuizen van die Departement van Finansies, was aanvanklik hewig teen die Regering se stappe gekant. Sasria het nie alleen met hofstappe gedreig nie, maar ook sy teenkanting in groot koerantadvertensies laat blyk.

Malan en Oosthuizen is daarna vervang deur mnre. Brian Molefe van die Departement van Finansies en Cyril Ramaphosa, sakeman en vooraanstaande lid van die ANC se uitvoerende komitee. Ramaphosa is dadelik tot nuwe voorsitter verkies. Die direksie het ná hul verkiesing sy teenkanting van die Regering se planne laat vaar.

Me. Gill Marcus, Adjunk-minister van Finansies, het in die Nasionale Vergadering gesê die Regering verwag dat sy benoemdes in 'n maatskappy se direksie sy opdragte sal uitvoer. Dit is hul taak om die Regering se beleid na te kom. "As hulle dit nie doen nie, moet hulle loop," het sy gesê.

Volgens haar is dit in openbare belang dat die oortollige reserwes vir die aflossing van staatskuld gebruik word. Vir haar is daar geen twyfel nie dat 'n deel van die reserwes die staat toekom, omdat hy al die jare Saria se risiko's gratis onderskryf het.

Dr. Willem Botha, VF hoofwoordvoerder van finansies, het gesê die staat se planne met Sasria is niks anders nie as die nasionalisasie van sy bates. Sy party kan gevolglik nie vir die wet stem nie.

Hy het vroeër in 'n verklaring gesê dit is 'n skande dat die Regering sy vorige direksielede vervang het bloot omdat hulle nie die oorname gesteun het nie. "Dit voorspel niks goeds vir die demokrasie nie as die Regering doodeenvoudig amptenare vervang wat dit durf waag om op verdienste die verbruiker se belange te beskerm."

Die Nasionale Vergadering het ook die Tweede Wetsontwerp op die Aansuiweringsbegroting goedgekeur, asook die Wetsontwerp op Binnekennistransaksies, die Wysigingswetsontwerp op Skadelike Sakepraktyke, die Derde Wysigingswetsontwerp op Maatskappye, die Wetsontwerp op Drank, die Wetsontwerp op die Nasionale Bemagtigingsfonds en die Wetsontwerp op die Nasionale Ontwikkelingsagentskap.

Ook die privatisering van Aventura het die finale jawoord ontvang.

TREFWOORDE
1 Sake Burger
2 Dept Finansies
3 erkenning
4 ingryping
5 uitgawe
6 verandering
7 Sasria
8 beslaglegging
9 Reserwes
10 skuld